# Meisies wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander



Marie Tharp



Mary Seacole




# Marie Tharp

## Geoloog



Marie wou die aardkors bestudeer, en daarom het sy 'n meestersgraad in geologie aan die Universiteit van Michigan voltooi.

Vandag weet ons dat miljoene jare gelede, byna al die aarde se land verenig was in 'n superkontinent genaamd Pangea en omring was deur 'n superoseaan genaamd Panthalassa.



In Marie se tyd, was dit egter nog net 'n teorie gebaseer op die eenvoudige waarneming dat die kuslyne van Suid Amerika en Afrika soos die bypassende stukke van 'n reusagtige legkaart gelyk het. Tussen die kontinente was daar nou groot oseane.


Om te bewys dat sulke ver lande eens verenig was, moes die seebodem gekarteer word.



Mense het aangeneem dat die bodem van die see plat was, en hierdie idee was nie uitgedaag totdat geoloë sonar aan boord van skepe begin gebruik het nie.

Die sonar het klankgolwe van die bodem van die see af weerkaats, en dit was Marie se taak om sin te maak uit die lesings.

Sy het syfers verwerk, afmetings met die hand geneem en het die eerste persoon ooit geword wat 'n kaart van die Noord-Atlantiese seebodem met sy berge en valleie saamgestel het.



*"Die hele wêreld was voor my uitgesprei,"*
***het sy onthou.***



Marie het ontdek dat daar op die bodem van die Atlantiese Oseaan 'n ongelooflike diep skeurvallei was wat net soos die Groot Skeurvallei in Afrika gelyk het. Dit het deel gevorm van 'n stelsel wat die hele aardbol omsingel het!







Sy het gewys dat die seebodem uitmekaar versprei het, wat beteken het dat die vastelande van mekaar weg gedryf het. Dit het weer bewys dat hulle inderdaad miljoene jare gelede verenig was, toe die aarde jonk was.


Mary Seacole
Verpleegster

Eens was daar 'n dogtertjie met die naam Mary wat wonderlik was om haar poppe te genees. As een koors gehad het, sou Mary 'n nat lap op haar voorkop neer lê. As 'n ander een se maag seer was, sou sy maak asof sy vir hom warm tee gegee het.



Mary se ma het daardie antieke Afrika kuns geleer om kruie te gebruik om medisyne te maak, en sy het baie siektes in Kingston, Jamaika genees in die dorp waar hulle gewoon het.



Teen die tyd wat sy twaalf was, het Mary haar reeds gehelp om mense te genees!




Toe sy grootgeword het, het Mary begin reis, wat destyds baie ongewoon was vir 'n vrou. Sy het na die Bahamas, Haïti en Kuba gegaan om uit te vind hoe die mense daar kruie gebruik het om siekes te behandel.



In Panama het sy haar lewe gewaag om plaaslike verpleegsters en dokters te help om pasiënte tydens 'n cholera epidemie te genees.





Toe die Krim oorlog uitgebreek het, het Mary na Londen gereis om te vra of die Britse weermag hulp nodig het by die gevegsfront.



Die weermag het nee gesê omdat hulle agterdogtig was oor vroue wat medisyne praktiseer, en daarom het Mary op haar eie Krim toe gegaan en die Britse Hotel geopen, 'n plek waar gewonde soldate hul krag kon herstel voordat hulle die lang reis huis toe neem.

Mary het reg na die voorste lyn gereis met twee muile om medisyne en kos vir soldate te bring. Vir haar was enige gewonde soldaat 'n gewonde mens, sy het nie na uniforms gekyk nie en mans van beide kante behandel, dikwels terwyl koeëls om haar vlieg en kanonne oral rondom haar af gaan met ‘n geweldige geraas.





Toe sy teruggaan huis toe, het Mary 'n topverkoperboek geskryf genaamd ‘*Wonderful Adventures of Mrs. Seacole in Many Lands*.’


THINK
DIGITAL ACADEMY